Voorkoming: Hou weg van hitte, warm oppervlaktes, vonke, oop vlamme en ander ontstekingsbronne. Geen rook nie. Hou die houer dig toe. Grond en bind houer en ontvangtoerusting. Gebruik ontplofingsvaste toerusting. Gebruik gereedskap wat nie vonkel nie. Neem aksie om statiese ontladings te voorkom. Moet nie dampe inasem nie, spuit. Was hande, voorarms en gesig deeglik na hantering. Moet nie eet, drink of rook wanneer hierdie produk gebruik word nie. Gebruik slegs buite of in 'n goed geventileerde area. Vermyn vrylating na die omgewing. Dra beskermende handskoene/beskermende klerre/ogbeskerming/gesigbeskerming.

Reaksie: INDIEN INGESLUK: Ontbied onmiddellik 'n gifsentrum of dokter. INDIEN OP DIE VEL: Was met baie water. Trek onmiddellik alle gekontameneerde klerre uit. Spoel vel uit met water/stort. INDIEN INGESAEM: Verwyder persoon na vars lug en hou gemaklik om asem te haal. Bel 'n gifsentrum of dokter as jy onwel voel. Kry mediese advies/aandag as jy onwel voel. Spesifieke behandeling (sien aanvullende noodhulpinstruksies op hierdie etiket). Spoel mond uit. Indien velirritasie voorkom: Kry mediese advies/aandag. Trek besoedelde klerre uit en was dit voor hergebruik. In geval van brand: Gebruik koolstofdioksied (CO₂), droë bluspoeier, skuim om te blus. Versamel gemors.

Berging: Hou houer dig toe. Berg in 'n goed geventileerde plek. Hou koel. Stoor toegesluit.

Wegdoening: Gooi inhoud en houer weg na 'n goedgekeurde afvalverwyderingsaanleg.

- Voorkom die oorwaai van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas nie onder behandeling nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Doen weg met uitspoelwater waar dit nie gewasse, weiveld, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- **SPOEL die leë houder DRIEKEER UIT soos volg:** Keer die leë houder om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloeit tot drup verlangsaam het. Spoel die leë houder daarna drie keer agtereenvolgens uit met een kwart van die houervolume vars water en gooi die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Prik die drievoudig uitgespoelde houder deur en gooi weg via 'n goedgekeurde versamelaar of herwinner (www.cropilife.co.za). Moet nie die houder begrawe, verbrand of skenk aan enige ander partye wat dit as 'n houder vir kos of drank kan gebruik nie.
- Vernietig leë houder deur gate daarin te kap, plat te druk en te begrawe.
- Moet nie leë houder vir enige ander doel gebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.

RELEVANTE STOWWE:

NAAM	PRODUK IDENTIFISEERDER
Sipermetrien 97% TS	CAS-Nr.: 52315-07-8
Xileen	CAS-Nr.: 1330-20-7
Tristyrylfenol-etoksilate	CAS-Nr.: 99734-09-5
Kalsiumdodesielbenseensulfonaat	CAS-Nr.: 26264-06-2

SIMPTOME VAN VERGIFTIGING

Veroorsaak branderigheid, jeukerige of tintelende sensasie van die vel wat gereedlik binne 24 uur na blootstelling, verdwyn. Inaseming veroorsaak 'n loopneus en krapperige keel. Simptome van inname van 'n hoë dosis sluit naarheid, aanhoudende braking, maagpyn en diarree wat oorgaan in stuiptrekkings, bewusteloosheid en koma, in.

NOODHULPBEHANDELING

Oë: Spoel oë met skoon, sagvloeiende water vir ten minste 20 minute terwyl die boonste en onderste ooglede gereeld opgelig word en tot geen chemikalieë teenwoordig is nie. Indien irritasie voorkom en voortduur, ontbied 'n geneesheer.

Vel: Verwyder besoedelde klere en spoel geaffekteerde liggaamsdele deeglik met volop seep en koue water af tot geen teken van chemikalieë teenwoordig is nie. Moet nie vel hard vryf nie. Smeer olyfolie aan geaffekteerde dele vir onmiddellike verligting. Kry mediese hulp indien irritasie voorkom of voortduur.

Inaseming: Neem pasiënt na vars lug. Indien asemhalingsprobleme ondervind word of irritasie voorkom en voortduur, kry mediese hulp.

Inname: Moet nie braking veroorsaak nie. Indien die pasiënt by bewussyn is, spoel mond deeglik met water uit. Moet nie iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie. Indien pasiënt braak, voorkom inaseming van braaksel. Kry mediese hulp.

NOTA AAN GENEESHEER

Hierdie plaagbeheermiddel bevat 'n piretroïed en 'n aromatiese oplosmiddel. Indien plaagbeheermiddel, wanneer ingestuk of tydens braking, in lange ingeasem word, kan ligte tot ernstige chemiese inflammasie van die longe veroorsaak word.

Die maag behoort so spoedig moontlik leeggemaak te word deur die maag versigtig uit te spoel.

Geen teenmiddel is beskikbaar nie. Behandel simptome en ondersteunend. In geval van inname, oorweeg maagspoeling met water of 'n 5 % natriumbikarbonaat-oplossing. Behandel stuiptrekkings met 'n middel daarteen.

WEERSTANDSWAARSKUWING

FARMAG CYPERMETHRIN is 'n groepkode 3 insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **FARMAG CYPERMETHRIN** of enige ander groepkode 3 insekdoder het. Indien hierdie insekdoder herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insek populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **FARMAG CYPERMETHRIN** of enige ander groepkode 3 insekdoder beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkingsels van produkte in verskillende insekdodergroep kodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekbeheer programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid:

Weerstand van die Amerikaanse (Afrika-) bolwurm (*Helicoverpa armigera*) teen sinteriese piretroïede is bevestig.

Katoen: Sintetiese piretroïedes moet slegs gedurende die periode 1 Januarie tot 28 Februarie op katoen toegedien word.

Alle ander gewasse: Moet nie meer as twee toedienings per groeiseisoen toedien nie.

As 'n piretroïedbespuiting swak beheer gee moet nie met enige sintetiese piretroïed, selfs teen 'n korrektiewe dosis, herspuit nie. Gebruik 'n produk uit 'n ander chemiegroep.

WYSE VAN AKSIE:

Werk op die senuweestelsel van die insek, en versteur die funksie van neurone deur interaksie met die natriumkanal. Nie-sistemiese insekdoder met kontak- en maagwerking. Toon ook anti-voeding aksie. Goeie nawerking op behandelde plante.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

VERENIGBAARHEID

- Moet nie **FARMAG CYPERMETHRIN** met sewierekstrak, vamidotien, protiofos, chinometonaat of amitras bevattende plaagbeheermiddels meng nie.
- Moet nie 'n benattingsmiddel by die **FARMAG CYPERMETHRIN** spuitmengsel voeg wanneer appels, pere en druiwe gespuit word nie.
- **FARMAG CYPERMETHRIN** is verenigbaar met 'n wye verskeidenheid plaagbeheermiddels. Dit is nie vir Cipla Agricare (Pty) Ltd moontlik om alle kombinasies te toets nie en word dit aanbeveel om 'n verenigbaarheids toets op klein skaal uit te voer indien daar enige twyfel bestaan.
- Die doeltreffendheid van **FARMAG CYPERMETHRIN** kan negatief deur 'n hoë pH waarde van die spuitmengsel beïnvloed word. Sipermetrien, die aktiewe bestanddeel in **FARMAG CYPERMETHRIN**, is meer stabiel by 'n pH van ongeveer 4. Indien 'n versuringsmiddel gebruik word om die pH te verlaag, moet dit eers met die verduningswater gemeng word, alvorens **FARMAG CYPERMETHRIN** bygevoeg word.
- Byvoeging van melasse by die spuitmengsel versuur en verminder die verdamping van die spuitnewel. Vir grondtoediening behoort 10 % melasse per volume bygevoeg te word en vir lugbespuiting 20 %.

MENGINSTRUKSIES

Vul spuitenk half met skoon water. Voeg die verlangde hoeveelheid **FARMAG CYPERMETHRIN** by terwyl deeglik geroer word. Vul die tenk hierna met water tot die verlangde volume en hou vol om mengsel in tenk te roer totdat bespuiting voltooi is. Lees inligting onder 'VERENIGBAARHEID' hierbo aangaande pH van spuitmengsel.

GRONDTOEDIENING

Wanneer 'n konvensionele hoë volume spuitapparaat en newelblaser gebruik word, gebruik holkeëlsputpunte wat 'n medium tot fyn druppelgrootte lewer. Die spuitapparate moet akkuraat gekalibreer word en tydens toediening moet daar seker gemaak word van goeie bedekking van gewas en eweredige verspreiding van spuitmengsel.

Volume water wat per hektaar in sagte vrugteboorde toegedien moet word:

Die volume water wat per hektaar in sagte vrugteboorde toegedien moet word, word volgens die Boomryvolume-formule soos deur Unrath beskryf, bereken:

Die formule is as volg:

$$\text{Boom hoogte} \times \text{boom diameter} \times 937 = \text{Volume water/ha wat toegedien moet word} \\ \text{Ry wydte}$$

Die afmetings wat in die formule gebruik word, is dié van die boom met volle blaarbedekking. Aangesien sagtevrugteboome nie altyd ten volle met blare bedek is nie, is die volume water wat per hektaar toegedien moet word tydens die vroeë groeistadia van die bome, as volg:

Van groenpunt tot 30 % blom - 60 % van die HV wat toegedien moet word

Van ca. volblom tot ca. November - 80 % van die HV wat toegedien moet word

Van ca. begin Desember - 100 % van die HV wat toegedien moet word

Wanneer plaagbeheermiddels as lae volume bespuitings toegedien word, moet die korrekte hoeveelheid plaagbeheermiddel, soos bereken vir hoë volume bespuitings, per hektaar toegedien word.

LUGTOEDIENING

FARMAG CYPERMETHRIN kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118: 2009 (The Aerial Application of Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n Spuitmengsel volume van 30 liter per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppel bedekking:** 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 tot 280 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik nie, uitklim of draal nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die bineste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvortek beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

GEWAS/PLAAG	DOSIS / 100ℓ WATER OF SOOS AANGEDUI	OPMERKINGS
BOSBOU Denne pou-oogmot larf	50 ml/ha	Lugtoediening Dien in 30 ℓ water per ha toe.
Wilger pou-oogmot larf	100 ml/ha	Lugtoediening Dien in 30 ℓ water per ha toe.
Wattleboom sakwurm	100 ml/ha	Lugtoediening Dien in 30 ℓ water per ha toe. Begin behandeling in November/Desember.
ALLEGEWASSE Snywurms	100 ml/ha 0.33 ml/100m planry 100 ml/ha	Die toe as 'n behandeling sodra plaag opgemerk word voor of na opkoms van gewas. Dra sorg dat die boonste 3cm van die grond klam is. Indien plaas weer voorkom, herhaal behandeling. Grondtoediening Algehele bespuiting: dien in 300ℓ water per ha toe. Rybespuiting (300 mm breed): dien in ten minste 3ℓ water per 100 m ry toe. Lugtoediening Dien in 30ℓ water per has toe

<p>APPELS & PERE</p> <p>Kodlingmot Blaarroller</p> <p>Amerikaanse (Arika-) Bolwurm</p> <p>Gebande vrugte-kalander (Snuitekwer)</p>	<p>5 mℓ</p> <p>5 mℓ</p> <p>10 mℓ</p>	<p>Om die volume water waarin FARMAG CYPERMETHRIN per has toegedien moet word, te bepaal, lees “GRONDOEDIENING: Volume water wat per hektaar in sagtevrugteboorde toegedien moet word”. Lees ook “VERENIGBAARHEID”.</p> <p>Dien eerste bespuiting met 75% blomblaarval toe en herhaal elke 14 dae</p> <p>Dien as 'n korrektiewe behandeling toe maar nie vroeër as 75% blomblaarval nie. Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika) bolwurm bestandheid” onder ‘WEERSTANDWAARSKUWING’</p> <p>Die twee bespuitings toe, die eerste tydens 75% blomblaarval en herhaal 4 weke later. 'n Verdere hoë of lae volume bespuiting kan middel Januarie toegedien word om latseisoen skade te voorkom.</p>
<p>BOONTJIES Amerikaanse (Arika-) bolwurm</p>	<p>150 mℓ/ha</p> <p>150 mℓ/ha</p>	<p>Grondtoediening Dien in 300 ℓ water per ha toe. Verken landerye en indien nodig herhaal bespuiting.</p> <p>Lugtoediening Dien in 30 ℓ water per ha toe. Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid” onder “WEERSTANDWAARSKUWING”</p>

<p>KATOEN</p> <p>Amerikaanse (Afrika) rooi-en-stekelbolwurms Vlekbesies Vals-(Plusia) landmeter</p>	<p>75 mℓ</p> <p>75 mℓ of 150 mℓ/ha</p> <p>87 mℓ of 175 mℓ/ha</p> <p>250 mℓ</p> <p>250 or 500 mℓ/ha</p> <p>250 or 500 mℓ/ha</p>	<p>Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid” onder “WEERSTANDWAARSKUWING”. Om te voldoen aan die beginsels van plaagbestuur en geïntegreerde beheermetodes word aanbeveel om FARMAG CYPERMETHRIN gedurende die vrugvormingperiode, vanaf hoofblom tot bolbars te gebruik, d.w.s. vanaf ongeveer 10 to 22 weke na opkoms van die gewas. Die gebruik van FARMAG CYPERMETHRIN is hoofsaaklik bedoel as 'n voorkomende Ehermaatreeël teen al die bolwurms gebaseer op gereelde weeklikse verkenning van landery of 'n gereelde spuitprogram met 7-dae tussenposes. Gewoonlik neem 'n spuitprogram aanvang aan die begin van die blomstadium, d.w.s. omtrent 6 weke na opkoms van die gewas. Van dan tot hoofblomperiode moet geregistreerde nie piretroïed middels gebruik word.</p> <p>Weeklikse spuitprogram: Voorkomende behandeling: Baseer toediening op verkenning van landerye. Verken 24 FARMAG CYPERMETHRIN toe wanneer ekonomiese drempel bereik of oorskry word en is vir Amerikaanse (Afrika-) bolwurm, 'n gemiddeld van 12 eiers of 5 larwes per plante; vir rooilbolwurm, 'n gemiddeld van 6 eiers of 2 larwes op 24 plante gedurende verkenning gevind word. Vlekbesies en valsslandmeter sal ook beheer word met bolwurmbespuittings.</p> <p>Grondtoediening Toediening met spuitbalk en –punte. Dra sorg dat die plante deeglik bedek word. Gebruik 100ℓ spuitmengsel per ha op lante korter as 60cm. Vir groter plante vermeerder die hoeveelheid spuitmengsel geleidelik tot 200ℓ spuitmengsel per ha. Moet nie minder as 150 mℓ FARMAG CYPERMETHRIN per ha op volwasse katoen gebruik nie.</p> <p>Newelblaser Gebruik die laer dosis op katoen korter as 60cm en die hoër as 60 cm. Moet ni minder as 150 mℓ FARMAG CYPERMETHRIN per ha op volwasse katoent toedien nie</p> <p>Lugtoediening Dien in 30ℓ water per ha toe. Gebruik die laer dosis op katoen korter as 60cm en die hoër dosis op plante hoer as 60cm.</p> <p>Korrektiewe behandeling: Dien as korrektiewe bespuiting toe om 'n bestaande infestatie te beheer, d.w.s. waar meer as 6 bolwurms per 24 plante tydens verkenning gevind word. Die latere ontwikkelingsstadia van die rooilbolwurm wat reeds in bolle gevestig is, sal nie effektief beheer word nie. Die sukses van 'n behandeling hang af van die toediening, digtheid van gewasloof, stand van plante en van die ontwikkelingsstadia van die larwes. Laat 4 dae toe vir FARMAG CYPERMETHRIN om sy volle effek te bereik. 'n Korrektiewe toediening moet as 'n noodmaatreeël beskou word en daarna moet met 'n gereelde program voortgegaan word ongeag die ontwikkelingsstadium van die katoen.</p> <p>Grondtoediening Toediening met spuitbalk en punte. Dra sorg dat die plante deeglik bedek word. Gebruik 100 ℓ spuitmengsel per ha op plante korter as 60cm. Vir groter plante vermeerder die hoeveelheid spuitmengsel geleidelik tot 200 ℓ spuitmengsel per ha. Moet nie minder as 500 mℓ FARMAG CYPERMETHRIN per ha op volwasse katoen toedien nie.</p> <p>Newelblaser Gebruik die laer dosis op plante korter as 60 cm en die hoër dosis op lante hoër as 60 cm. Moet nie minder as 500 mℓ FARMAG CYPERMETHRIN op volwasse katoen toedien nie.</p> <p>Lugtoediening Gebruik die laer dosis op plante korter as 60cm en die hoër dosis op lante hoër as 60cm. Moet nie minder as 500 mℓ FARMAG CYPERMETHRIN op volwasse katoen toedien nie. Die toe in 30ℓ water per ha.</p>
<p>DRUIWE (wyn en tafel) Kalanders (snuittkewers)</p>	<p>10 mℓ</p>	<p>Dien sodra skade opgemerk word toe. Herhaal 3-4 weke later indien nodig. Kalanders (Snuittkewers) kom gewoonlik tussen middel Oktober tot middel November voor. Lees “VERENIGBAARHEID”</p>

KOOLGEWASSE Amerikaanse (Afrika-) bolwurm Ruitrugmottarf Blaaspootjies	10 mℓ	Verseker goeie benatting van plante. Begin spuit met eerste tekens van plaag. Herhaal elke 10-14 dae. Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid” onder “WEERSTANDWAARSKUWING”
GRONDBONE Amerikaans (Afrika-) bolwurm	150 mℓ/ha 150 mℓ/ha	Begin spuit sodra eiers of larwes opgemerk word. Herhaal indien nodig. Grondtoediening Dien toe in 300 ℓ water per ha toe. Lugtoediening: Dien toe in 30ℓ water per ha. Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid” onder “WEERSTANDWAARSKUWING”
LUSERN Lusernruspe	75 mℓ/ha 75 mℓ/ha	Dien as 'n voldekbepuiting toe sodra plaag opgemerk word. Grondtoediening Die toe in 300ℓ water per ha Lugtoediening Die toe in 300ℓ water per ha
MAKADAMIANEUTE Stinkbesie	20 mℓ	Begin spuit wanneer neute albastergrootte bereik en herhaal na 4 weke. Indien nodig, kan 'n verder bespuiting 4 weke later toegedien word.
MIELIES & SUIKERMIELIES Amerikaanse (Afrika) bolwurm	1.5 mℓ / 100 m ry 150 mℓ / ha 3,5 mℓ / 100 m ry 350 mℓ / ha	Dien toe wanneer plaag opgemerk word. Sorg dat bespuiting betyds gedoen word, dit is, nie later as 80% baardverskyning nie en voordat die larwes die baard binnedring. Slegs larwes wat in aanraking met die sproei kom, sal beheer word. Grondtoediening Indien rywydte grondtoediening toelaat, gebruik in ten minste 3ℓ water per 100 m ry. Dra sorg dat die spuitpunte na die mieliekoppe gerig is. Lugtoediening Dien toe in 30ℓ water per ha. Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid” onder “WEERSTANDWAARSKUWING” Voorkomende behandeling teen jong larwes gebaseer op verkenning vir eiers op plante. Verken landerye elke week van 2 tot 7 weke na opkoms van gewas deur ten minste 100 plante ewekansig per landerye te ondersoek. Spuit 7 dae nadat eiers op 2,5% of meer van die plante gevind is. Indien die eiers al uitgeborei het, spuit sodra eerste tekens van infestasië opgemerk word. Rig bespuiting direk in die kelk in. Herhaal die toediening later in die seisoen indien verkenning aandui dat dit nodig is. Larwes wat reeds die stam binnegedring het of langer as 10mm is, sal nie beheer word nie. Grondtoediening Moet nie in minder as 3ℓ water per 100m ry toedien nie. Om seker te maak dat goeie bedekking binne in die kelk in sowel as aan die sye van die plant verkry word, gebruik ten minste twee D4/35 of D6/35 spuitpunte oor 'n ry. Lugtoediening Dien toe in 30ℓ water per ha.

PERSKES		Om die volume water waarin FARMAG CYPERMETHRIN per ha toegedien moet word, te bepaal, lees” GRONDOEDIENING: Volume water wat per hektaar in saagte vrugteboorde toegedien moet word ”.
Amerikaanse (Afrika-) bolwurm	5 mℓ	Dien toe as ‘n voldekbepuiting by 75% blomblaarval of wanneer plaag opgemerk word. Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid” onder “WEERSTANDWAARSKUWING”
Kodlingmot	5 mℓ	Dien ‘n volbedekking bespuiting toe by 75% blomblaarval. Herhaal met 14-21 dae tussenposes.
Valskodlingmot	5 mℓ	Vroeëkultivars Dien toe as ‘n voldekbepuiting 6 weke voor oes en herhaal met 14 dae tussenposes. Laat kultivars Dien toe as ‘n voldekbepuiting 8 weke voor oes en herhaal met 14 dae tussenposes In die somerreëvalgebied moet die eerste behandeling nie later as die derde week in Desember toegedien word ni. Inmaakperskes Soos hierbo, behalwe dat laaste 3 dae voor oes gespuit kan word.
Vrugtevlëë	10 mℓ	Alle Kultivars Dien ‘n voldekbepuiting 8 weke voor oes toe en herhaal met 14 dae tussenposes. Ingelegde perskes can tot 3 dae voor oes gespuit word.
Gebande vrugte-kalander (Snuitekwer)	10 mℓ	Dien toe sodra skade opgemerk word en herhal indien nodig na 4 weke
ERTJIES		Grondtoediening Dien toe in 300 – 500 ℓ water. Herhaal indien nodig
Amerikaans (Afrika-) bolwurm	150 mℓ/ha	Lugtoediening: Dien toe in 30ℓ water per ha.
Kleinkommandowurm	150 mℓ/ha	Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid” onder “WEERSTANDWAARSKUWING”
SORGHUM		Spuit sodra plaag opgemerk word. Indien bolwurms binne versteek is, mag die beheer minder effektief wees. Latere infestاسies mag ‘n tweede bespuiting vereis.
Amerikaanse (Afrika-) bolwurm	1,5 mℓ / 100 m ry	Grondtoediening Rig toediening op are. Moet ni minder as in 3ℓ water per 100 m ry toedien nie.
Stronkboorder	150 mℓ / ha	Lugtoediening Dien toe in 30ℓ Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid” onder “WEERSTANDWAARSKUWING” Dien toe by kelkstadium wanneer haelskade waargeneem word en boorder nog nie in die stam inbeweeg het nie.
	3,5 mℓ / ha m ry	Grondtoediening Moet nie in minder as 3ℓ water per 100 m ry toedien nie. Om seker te maak dat goeie bedekking binne in die kelk en sowel as aan die sye van die plant verkry word, gebruik ten minste tweek D4/35 of D6/35 spuitpunte oor ‘n ry.
	350 mℓ/ha	Lugtoediening Dien toe in 30ℓ water per ha.

TAMATIES Amerikaanse (Afrika-) bolwurm	15 ml 75 ml/ha 150 ml/ha	Grondtoediening Dien as 'n voldekkbespuiting toe met eerste tekens van 'n infestasië. Herhaal met 7-10 dae tussenposes of soos nodig geag word met gewasinspeksie. Hoë volume Dien tot 500ℓ spuitmengsel toe op plante korter as 60cm en in 1 000ℓ of meer spuitmengsel toe op plante hoër as 60 cm by opgeleide tamaties. Moet nie meer as 150 ml FARMAG CYPERMETHRIN per ha toedien nie. Newelblaser Dien toe in 150ℓ water per ha op plante 60cm en korter. Dien toe in 500ℓ water per ha op plante 60cm en hoër. Moet nie meer as 150ml FARMAG CYPERMETHRIN per ha toedien nie. Lees “Waarskuwing teen Amerikaanse (Afrika-) bolwurm bestandheid” onder “WEERSTANDWAARSKUWING”
WEIDING Kommandowurm	150 mlℓ/ha 150 ml/ha	Grondtoediening Die toe in 300ℓ water per ha Lugtoediening Dien toe in 30ℓ water per ha
SITRUS Blaaspootjies (a) Herinfestasië 4 tot 9 weke na blomblaarval na gebruik van enige ander geregistreerde behandeling OF (b) Herinfestasië middel November tot 20 Desember na gebruik van enige ander geregistreerde behandeling.	15 – 20 ml/100 ℓ water 5 – 7 ml/100 ℓ water	Nie vir gebruik in boorde waar rooidopluis onder biologiese beheer is nie. Gebruik progressief laer dosisse hoe later herinfestasië voorkom gedurende die aangeduide periode. Dien as 'n ligte dekbespuiting toe. Benat blaardak tot die punt van afloop. Gebruik progressief laer dosisse hoe later herinfestasië voorkom gedurende die aangeduide periode. Dien as 'n ligte dekbespuiting toe. Benat blaardak tot die punt van afloop. Nota: Sien gebruiksbeperinge by sitrus onderaan tabel.
GEBRUIKSBEPERKINGE BY SITRUS <ul style="list-style-type: none"> • Beperk toediening tot 'n enkele bespuiting per seisoen en verkieslik in die periode 4 tot 9 weke na blomblaarval vir blaaspootjiebeheer of 5 tot 4 weke voor oes vir vlaskodlingmot beheer. Dien dus FARMAG CYPERMETHRIN slegs eenkeer per seisoen toe vir of blaaspootjie of vlaskodlingmot beheer. • Beperk gebruik tot boorde waar rooidopluis (<i>Aonideilla aurantii Mask</i>) onder kommersiële chemiese beheer is. Die gebruik van hierdie produk vir blaaspootjiebeheer mag die opbou van rooidopluis tot gevolg he. • Waar daar enige voorneme is om FARMAG CYPERMETHRIN te gebruik indien blaaspootjie besmetting voorkom gedurende die aangeduide periodes, dien 'n geregistreerde voorkomende behandeling vir rooidopluisbeheer vroeg in die lente en 'n tweede behandeling 7 tot 11 weke na blomblaarval toe. Moet nie op bome gebruik met 'n geskiedenis van Teranychid myt infestasië nie. 		

FARMAG

CYPERMETHRIN

Reg. No. / Nr L3207 Act No. 36 of 1947/ Wet Nr 36 van 1947
 Namibian Reg No.: N-AR 1911

INSECTICIDE



**READ THE LABEL AND ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE
 KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

IRAC INSECTICIDE GROUP CODE

3

IRAC INSEKODER GROEPKODE

An emulsifiable concentrate contact and stomach insecticide for the control of agricultural pests as indicated.

'n Emulgeerbare konsentraat kontak- en maaginsekodder vir die beheer an landbouplae soos aangedui.

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDEDEEL:

Cypermethrin (pyrethroid)200 g/l..... sipermetriën (piretroïed)

Hazard Statements:

Flammable liquid and vapour.
 Toxic if swallowed.
 Harmful in contact with skin or if inhaled.
 Causes skin irritation.
 May cause respiratory irritation.
 May cause damage to organs through prolonged or repeated exposure.
 Very toxic to aquatic life.
 Toxic to aquatic life with long lasting effects.

Precautionary Statements:

Keep away from heat, hot surfaces, sparks, open flames and other ignition sources. No smoking.
 Do not breathe vapours, spray.
 IF SWALLOWED: Immediately call a poison center or doctor.
 IF ON SKIN: Wash with plenty of water
 IF INHALED: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing.
 If skin irritation occurs: Get medical advice/attention.
 In case of fire: Use carbon dioxide (CO₂), dry extinguishing powder, foam to extinguish.

In case of poisoning, call the following number:

Poison Information Helpline (24 hrs) 0861 555 777

Disaster Management Number: Spill Tech 086 100 0366



DANGER

Batch No:

D.O.M:

D.O.E:

Net Contents:

See reverse of packaging for details.

FOR FULL PARTICULARS SEE ATTACHED PAMPHLET.

VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE KYK AANGEHEGTE ETIKET.

UN No. / VR Nr: 3351



REGISTRATION HOLDER/ REGISTRASIEHOUER

Castle Ag-Chem (Pty) Ltd.
 Reg. No. / Nr. 2007/033120/07
 61 Marshall Drive, Old Mill Industrial Park,
 Mount Edgecombe.
 Tel: (031) 003 3486



Scan for GHS
 and label details

BARCODE

100450

